Nuusbrief 211

26 Junie 2017

South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

IRG48 GHENT, BELGIUM

Die 48ste jaarlikse "International Research Group on Wood Protection" -konferensie is onlangs vanaf 4 tot 9 Junie in Ghent, België gehou. IRG48 is deur 256 konferensiegangers vanaf 33 lande bygewoon, en 108 referate en 20 plakkate is aangebied. Die afdelings wat handel oor houtbeskerming en waaroor referate gelewer is strek van Toetsmetodes & Assessering, Houtbeskermingmiddels, Volhoubaarheid & Omgewing, Prosesse & Kenmerke, asook Biologie. Onder afdeling 2 wat handel oor Toetsmetodes & Assessering, het Bruce as mede sameroeper gedien van werkgroep 2.3, wat gehandel het oor Chemiese en Fisiese Analises. Die volgende gelyste referate is slegs deel van die vele interessante referate wat tydens die konferensie aangebied is.

-IRG/WP 17 – 40812	Durability of energy efficient wooden buildings: a building physical point of view
-IRG/WP 17 – 20626	Ensuring quality of treated wood – Regulations, certifications and associative background in the field of wood protection in Europe
-IRG/WP 17 – 50326	A green and novel technology for recovering copper and wood from treated wood waste – Part II: Optimization, copper metal recovery, and process design
-IRG/WP 17 – 30706	Field performance of refractory species treated with MCA (micronized copper azoles)
-IRG/WP 17 – 40805	Studying weathering performance of coatings on thermally modified wood
-IRG/WP 17 – 10896	Fungal growth on coated wood exposed outdoors: Influence of coating pigmentation, cardinal direction and inclination of wood surfaces
-IRG/WP 17 – 20611	Three-dimensional digital image correlation of strains in profiled wood decking exposed to wetting &drying.
-IRG/WP 17 – 20605	The sorption behaviour of wood
-IRG/WP 17 – 20628	The development of potentiometric enzyme biosensor for detection of permethrin preservative in treated wood
-IRG/WP 17 – 40773	Permeability of *Eucalyptus* wood improved by microwave treatment
-IRG/WP 17 – 40800	The effects of pre-microwave treatment on retention levels, and some mechanical properties of spruce wood treated with CCA
-IRG/WP 17 – 50330	Review of leaching experiments of CCA-treated wood and wood treated with copper-based alternatives
-IRG/WP 17 – 20616	Overview of treated wood quality control program in the United States, with recent challenges and advances

Kontak gerus vir SAWPA indien u meer inligting oor die volle lys van referate verlang, of afskrifte van referate wil hê. Ter kennisname, gedurende die finale hoofsessie is Bruce genomineer en verkies tot die IRG-WP uitvoerende raad vir 'n periode van 3 jaar.

IRG49 JOHANNESBURG 2018

Met die suksesvolle afloop van IRG48 in Ghent, is IRG49 geskeduleer om vanaf 29 April tot 3 Mei 2018 in Johannesburg plaas te vind, nou ’n realiteit. As die plaaslike reëlingskomitee verantwoordelik vir die aanbied van die konferensie, het SAWPA reeds begin met die voorbereidings en beplanning om te verseker dat IRG49 net so groot sukses as vorige IRG konferensies sal wees. Buiten die ondersteuning van konferensiegangers, is die aanbied van so ’n konferensie nie moontlik sonder die finansiële bydrae van borge nie. Ons het reeds begin met die uitstuur van borgbriewe aan potensiële plaaslike en internasionale borge, en is geseënd om al reeds plaaslike en internasionale beloftes te kon ontvang het. Ons wil egter ook graag die geleentheid verder uitbrei na enigeen wat voel dat hulle graag ’n bydrae sal wil maak tot die sukses van die eerste IRG konferensie wat op die Afrika-vasteland gehou gaan word. Kontak ons gerus vir meer inligting rakende die borgskap pakkette wat ook verskeie vlakke van erkenning deur middel van blootstelling voor en tydens die konferensie aan die borge gee, afhangende aan die waarde van borgskap. Siende dat dit die eerste IRG-konferensie ooit in Afrika sal wees, het die IRG-WP Uitvoerende Raad, in ’n poging om die Suid-Afrikaanse en Afrika bywoning en deelname aan te moedig, voordele in die vorm van verlaagde konferensiefooie vir alle Suid-Afrikaanse en Afrika konferensiegangers en ook reisbystand vir deelnemende studente wat suksesvolle aansoeke indien om deel te neem aan die jaarlikse RCA-toekenning. Meer inligting oor die voorafgenoemde voordele sal bekend gemaak word deur toekomstige kommunikasie en die loods van ’n toevertroude webtuiste. Ons is ook trots daarop om die amptelike kenteken van IRG49 bekend te stel. Die kenteken se ontwerp is geïnspireer deur die Suiderkruis, die Nelson Mandelabrug, Johannesburg se stadsprofiel en die jaarringe van ’n stamdeursnit.

IRG49
29 APRIL – 3 MAY 2018
Johannesburg | South Africa

HERSIENING VAN SANS STANDAARDE

Die voorgestelde SANS 10005 Ed 9 is onlangs aan alle SAWPA lede wat nie direk by SABS TC 218 SC 1 betrokke is nie, gesirkuleer vir kommentaar sodat SAWPA al die kommentaar in ag kan neem alvorens ons die SAWPA stem en saamgestelde kommentaar kan indien. Rondom dieselfde tyd is die houtpaal spesifikasies i.e. SANS 457-2&3 en SANS 753&4 aan TC 218 Subkomitee 3 gesirkuleer vir stemming en kommentaar. Onwetend is SAWPA reeds foutiewelik in Maart vanjaar deur die SABS verwyder as ’n lid van SC 3, en het ons dus nie kennis gedra van die stemming op die standaarde wat op die 26ste Junie sluit nie. Toe SAWPA daarvan bewus word, het ons ’n dringende versoek by die SABS ingedien om die fout reg te stel en die sluitingsdatum met 3 to 4 weke uit te stel. SAWPA lede sal dus binnekort die konsepdokumente relevant tot hul produksertifisering ontvang. Lede word versoek om so gou moontlik enige kommentaar aan SAWPA te stuur sodat SAWPA sy stem en kommentaar daarvolgens kan indien.

NUUS OOR NAVORSINGSTUDIES WAT DEELS DEUR SAWPA BEFONDS WORD

Daar is by die streekvergaderings vroeër vanjaar gerapporteer dat die SAWPA uitvoerende bestuur goedkeuring gegee het om bydraes te maak tot studies wat ten doel het om alternatiewe spesies te identifiseer en te assesseer, insluitende hibrides, wat soortgelyke en beter karaktereienskappe sal oplewer wat nodig is vir paalmateriaal.

Die eerste studie wat handel oor hardehoutpale (eucalyptus) sal aanvanklik eers 'n bestekstudie wees en sal afhangende van die bevindinge tot 'n langtermyn veldstudie oorgaan wat verskeie jare sal neem. Die studie sal deur die instituut vir kommersiële bosbou (ICFR) hanteer word, en ons kan rapporteer dat die eerste werkswinkel reeds op 5 Julie 2017 plaasvind en dat SAWPA verteenwoordig sal wees.

Die tweede studie handel oor sagtehoutpale (denne) wat deur NMMU Saasveld gedoen word en is reeds goed in die beplannings- en verkrygingfase met die versameling en identifisering van monsterpale wat langs plantasiepaaie gestapel was vir vervoer na Saasveld vir verdere verwerking en toetsing. Weens die onlangse erge brande wat in die Suid Kaap plaasgevind het, blyk dit dat van die monsterpale ook deur die vure beskadig was. Die studie sal dus vir n tydperk vertraag word hangende evaluering van die skade en die monsterpale, en indien nodig bemonstering van nuwe pale. Ons is hoopvol dat alles nie verlore is nie en dat die studie spoedig weer sal kan voortgaan.

NRVS HEFFINGS VERKULDIG VIR PERIODE 17A
(1 Januarie tot 30 Junie 2017)

30 Junie merk die einde van die eerste periode vir NRVS heffings wat verskuldig is vir 2017. Aanlegte word hiermee herinner om vorm 17b (tipe 5) in te vul en die verklaarde heffings daarvolgens teen einde Julie 2017 te betaal. Die 17b verklaringsvorm behoort binnekort deur die NRVS aan alle aanlegte gestuur te word. Indien u nie die vorm kry nie, kan u SAWPA versoek om vir u die generiese vorm te stuur, of u kan vir Magda Spies by die NRVS kontak, magda.spies@nrcs.org.za of 012 482 8890, vir 'n afskrif van die vorm wat spesifiek vir u aanleg uitgereik is.

NUUSBROKKIES

- 'n Bemarking en verkoopwerksgeleentheid is beskikbaar by Arch Wood Protection – LONZA. Belangstellendes moet die algemene bestuurder, Doug Sayce kontak by doug.sayce@lonza.com vir meer inligting.
- Net 'n vriendelike herinnering dat die Cape Construction Trade Expo vanaf 23-24 Augustus in Kaapstad by die CTICC plaasvind.

CAPE Conference ▪ Trade Expo CONSTRUCTION

- Gesoek: Indien u tweedehandse Bell 225 beskikbaar het vir verkoop, kontak vir Harmeet Grewal by **grewal@foresttz.com**
- Oor die laaste 6 maande is die maandelikse besoeke op SAWPA se webtuiste gemiddeld 33700 per maand.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 086 610 1411 Webtuiste: www.sawpa.co.za E-pos: sawpa@global.co.za